40minute BYBELSTUDIES

# Laat Jou Passie vir God Opvlam

Kay Arthur & Mark Sheldrake

PRECEPT MINISTRIES SOUTH AFRICA

Laat Jou Passie vir God Opvlam
Gepubliseer deur Precept Ministries South Africa
Posbus 539, Howard Place, 7450, Suid-Afrika
Tel.: +27 (021) 531-1836
Webwerf: www.precept.org.za
E-pos: info@precept.org.za
met toestemming van WaterBrook Press
12265 Oracle Boulevard, Suite 200
Colorado Springs, Colorado 80921

A translation of the book
Igniting Your Passion for God
*by* Kay Arthur & Mark Sheldrake
Published by WaterBrook Press
12265 Oracle Boulevard, Suite 200
Colorado Springs, Colorado 80921

Skifaanhalings geneem uit die Bybel in Afrikaans 1933/1953 © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1933, 1953. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

ISBN 978-1-62119-596-2
© 2016 Precept Ministries International

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer of oorgedra word in enige vorm of op enige manier, elektronies of meganies, sonder die skriftelike verlof van die uitgewer nie. Dié beperking sluit in foto-afdrukke, opnames of enige ander stelsel van berging en opsporing van inligting.

Gedruk deur Bevan Group, Kaapstad
2016

# INHOUD


Voordat Jy Begin ........................................................................ v

**Inleiding: Laat Jou Passie vir God Opvlam** ................................. 1

**Week Een:** Laat Jou Passie vir God Weer Opvlam.................. 3

**Week Twee:** Blaas die Vlam Aan............................................ 19

**Week Drie:** Laat Jou Passie vir God se Woord Opvlam......... 41

**Week Vier:** Laat Jou Passie vir Gebed Opvlam..................... 53

**Week Vyf:** Laat Jou Passie vir Evangelisasie Opvlam........... 71

**Week Ses:** Hoe Lyding Passie Kan Laat Opvlam............... 91

# VOORDAT JY BEGIN

Hierdie kleingroepstudie is vir mense wat belangstel om self meer te leer wat die Bybel oor verskeie onderwerpe sê, maar wat net beperkte tyd vir saamkom het. Dit is byvoorbeeld ideaal vir 'n middagetegroep by die werk, 'n vroegoggendmannegroep, 'n jongmoedergroep in 'n huis, 'n Sondagskoolklas of selfs vir huisgodsdiens. (Dit is ook ideaal vir kleingroepe wat gewoonlik meer tyd vir byeenkom het — soos aandgroepe of Saterdagoggendgroepe — en wat net 'n gedeelte van hul tyd saam aan werklike studie wil bestee, terwyl die orige tyd vir gebed, koinonia of ander aktiwiteite gehou word.)

Hierdie boek is so beplan dat al die groeplede elke les se studietake *gelyktydig* én *saam* kan voltooi. Die bespreking van die insig wat jy verkry het uit wat God omtrent die onderwerp sê, openbaar opwindende, treffende lewenswaarhede.

Alhoewel dit 'n groepstudie is, benodig jy 'n leier om die studie te lei en die bespreking aan die gang te hou. (So 'n persoon se taak is *nie* dié van 'n lektor of onderwyser nie. As hierdie boek egter in 'n Sondagskoolklas of 'n soortgelyke omgewing gebruik word, moet die onderwyser vry voel om meer direk leiding te gee en bykomende insig te voeg bý dit wat in die les van elke week voorsien word.)

As *jy* jul groep se leier is, kan die volgende nuttige wenke jou taak vergemaklik:

- Werk deur die les en merk die teks voordat jy die bespreking lei. Dit maak jou toenemend vertroud met die materiaal en stel jou in staat om die bespreking met groter gemak te lei. Kies as leier 'n spesifieke kleur vir elke simbool. Dit sal jou help om die groep met die merk van woorde te lei.
- Begin by die begin van die teks en lees dit eenvoudig hardop

in die volgorde van die les, insluitende die "insigraampies" wat deurgaans verskyn. Werk saam deur die les terwyl julle waarneem en bespreek wat julle daaruit leer. Soos jy die teksverse lees, moet die groep die woord wat hulle moet merk, hardop sê.

- Die besprekingsvrae is daar om jou te help om die materiaal te hanteer. Jy sal dikwels vind dat, sodra die klas tot die bespreking oorgaan, hulle self die vrae sal stel. Onthou, die vrae is daar om die groep by die bespreking te hou, nie om die bespreking te belemmer nie.
- Dit is belangrik dat mense hul antwoorde en ontdekkings verwoord. Dit versterk grootliks hul persoonlike begrip van die weeklikse les. Maak seker dat elkeen volop geleenthede het om aan die besprekings deel te neem.
- Hou die besprekings aan die gang. Dit mag beteken dat meer tyd aan sommige dele van die studie bestee word as aan ander. As dit nodig is, mag jy gerus 'n les oor meer as een byeenkoms laat strek. Onthou egter: moenie die pas té stadig maak nie. Dis baie beter om elkeen na meer te laat smag, as om mense te hê wat weens 'n afname in belangstelling uitsak.
- As die geldigheid of korrektheid van sekere antwoorde betwyfel word, kan jy op 'n sagte, dog vriendelike manier, die groep herinner om op die waarheid van die Skrif te fokus. Jou doel is om te leer wat die Skrif sê en nie verwikkeld te raak in wat mense sê nie. Hou eenvoudig vas aan die Skrif en gee God die kans om te spreek. Sý Woord ís die waarheid (Johannes 17:17)!

# LAAT JOU PASSIE VIR GOD OPVLAM

Het jy al ooit in jou motor gespring, dit aangeskakel en jou skielik by jou bestemming bevind sonder dat jy presies weet hoe jy daar gekom het?

Dit is ’n eienaardige gevoel wanneer jy besef dat jy wakker was, maar dat jou verstand vir ’n rukkie “met vakansie” was. Iets wat nog erger is, is wanneer jy asof deur ’n stuuroutomaat gerig word en jou op ’n plek bevind waar jy glad nie bedoel het om te wees nie, soos wanneer jy op pad werk toe is terwyl jy eintlik bedoel het om te gaan kruideniersware koop.

’n Soortgelyke situasie kan in ons geestelike lewens voorkom as ons dáár deur ’n stuuroutomaat gerig word en dinge uit gewoonte doen; nie op grond van ’n brandende passie vir God nie.

Dit is jammer dat so baie van ons op verskillende tye tydens ons geestelike reis apaties raak teenoor die dinge van God. Die woordeboek beskryf apatie as “die afwesigheid of onderdrukking van passie, emosie of opgewondenheid.”

Dit is hierdie afgestomptheid van die hart wat ’n invloed het op

jou beskouing van die lewe. In die lewe van 'n gelowige mag geestelike apatie manifesteer as 'n subtiele afname in belangstelling in God en die dinge van God, of 'n dowe oor as dit kom by die lees van die Woord en luister na die werk van God. Dit behels 'n traagheid, 'n luiheid teenoor alles wat Christelik is.

Vind jy dat jy ...

- teësinnig is om saam met ander gelowiges te vergader?
- veelvuldige verskonings vind om nie kerkdienste, Bybelstudies en bidure by te woon nie?
- gesange en koortjies werktuiglik sing, soos leë woorde op 'n skerm of in 'n boek?
- gedurig die negatiewe aspekte van die kerk voor oë hou en daaroor kla?
- nie die Bybel nie, maar die nuutste selfhelp-boeke oor geestelike groei raadpleeg?

Is dít 'n beskrywing van jou lewe? Bespeur jy ander mense rondom jou wat aan die brand is vir Jesus? En wonder jy hoe jy 'n vuur kan aansteek wat jou sal lanseer na 'n dieper, meer betekenisvolle begrip van God?

Oor die volgende ses lesse sal ons ondersoek waarom en hoe, ons apaties raak teenoor die dinge van God. Ons gebed is dat hierdie lesse jou hart en verstand sal oopmaak vir die waarhede van God en jou sal aanvuur tot 'n onblusbare passie en geesdrif.

## WEEK EEN

Miskien het jy nog nooit regtig 'n brandende passie vir geestelike dinge geken nie. Moontlik het die vlam van jou liefde vir Jesus lank gelede hoog gebrand en was Hy jou eerste prioriteit in die lewe, maar nou gloei die kole beswaarlik en dit voel asof jou hart aan die afkoel is.

Wat is dit wat ons weerhou van 'n volgehoue opgewondenheid oor die dinge van God?

Hierdie week gaan ons Skrifgedeeltes bestudeer wat ons insig sal gee in sommige dinge wat ons geestelike vuur doodsmoor.

### WAARNEMING

Toe hy reeds baie oud was, het koning Dawid sy seun, Salomo, aangewys as die nuwe koning van Israel. Met sy dood op hande, het hy sy seun beveel: "wees dan sterk en word 'n man . . ." (1 Konings 2:2). Hy het by sy seun aangedring: "onderhou die ordening van die HERE jou God deur te wandel in sy weë, deur sy insettinge, sy verordeninge en sy getuienisse te onderhou, soos geskrywe is in die wet van Moses" (2:3). Kort daarna is Dawid oorlede en leer ons uit 1 Konings 2:47: "Die koningskap is bevestig in die hand van Salomo."

Kom ons lees wat volgende gebeur het en wat ons daaruit kan leer vir ons eie lewens.

***Leier:*** *Lees 1 Konings 3:1-9 hardop. Laat die groep die woorde saam sê en*

**1 Konings 3:1-9**

1 En Salomo het hom
verswaer met Farao, die
koning van Egipte; hy
het naamlik die dogter
van Farao geneem en
haar in die stad van
Dawid ingebring totdat
hy met die bou van sy
huis en die huis van die
HERE en die muur van
Jerusalem rondom klaar
sou wees.
2 Alleenlik het die volk
gedurig op die hoogtes
geoffer, omdat tot op
daardie dae daar geen
huis vir die Naam van

die HERE gebou was
nie.
3 En Salomo het die
HERE liefgehad deur
in die insettinge van sy
vader Dawid te wandel;
hy het net gedurig op
die hoogtes geoffer en
rook laat opgaan.
4 En die koning het
na Gíbeon gegaan om
daar te offer, omdat
dit die vernaamste
hoogte was; duisend
brandoffers het Salomo
op daardie altaar
geoffer.
5 Toe verskyn die
HERE in Gíbeon in 'n
nagtelike droom aan
Salomo; en God het
gesê: Begeer wat Ek jou
moet gee.
6 En Salomo sê: U
het aan u kneg, my
vader Dawid, 'n groot
guns bewys, net soos

- *elke verwysing na **Salomo**, insluitende sinonieme en voornaamwoorde, met 'n afwaartse semisirkel merk, só:* 
- *elke verwysing na die **Here**, insluitende voornaamwoorde soos **U** en sinonieme soos **God**, met 'n driehoek merk:* 
- *die woord **onderskei** onderstreep.*

*Terwyl jy hierdie teks lees, is dit nuttig om die groep die sleutelwoorde hardop te laat sê wanneer hulle dit merk. Sodoende sal elkeen seker wees dat hy of sy die woord merk elke keer dat dit voorkom, tesame met moontlike sinonieme woorde en -frases daarvan. Doen dit dwarsdeur die studie.*

## BESPREKING

- Hoe word Salomo in hierdie verse beskryf?

- Wat openbaar vers 3 oor Salomo se optrede as koning?

- Wat leer ons hieruit omtrent Salomo se hart vir God?

hy voor u aangesig
gewandel het in trou
en in geregtigheid
en in opregtheid van
hart met U; en U het
vir hom hierdie groot
guns bewaar, dat U
hom 'n seun gegee het
wat op sy troon sit,
soos dit vandag is.
7 Nou dan, HERE
my God, U het u kneg
koning gemaak in my
vader Dawid se plek;
maar ek is 'n jong
seun; ek weet nie om
uit of in te gaan nie.
8 En u kneg is midde
onder u volk wat U
verkies het, 'n groot
volk wat nie getel of
bereken kan word
weens die menigte nie.
9 Gee dus aan u kneg
'n opmerksame hart
om reg te spreek oor u
volk, om tussen goed

en kwaad te onderskei, want wie sou hierdie talryke volk van U kan regeer?

- Wat het Salomo van God gevra?

- Waarom is Salomo se versoek betekenisvol, as jy vers 7 in gedagte hou?

**1 KONINGS 3:10-15**

10 En dit was goed in die oë van die Here dat Salomo dit begeer het.
11 En God het vir hom gesê: Omdat jy

**WAARNEMING**

Salomo het sy begeerte voor die Here gelê: Hy wou ’n verstandige hart hê sodat hy regsake kon verhoor en God se volk in wysheid kon lei. Hoe het God op hierdie versoek gereageer?

***Leier:*** *Lees 1 Konings 3:10-15 hardop en laat die groep*

- *elke verwysing na* ***Salomo****, insluitende voornaamwoorde, met 'n semi-sirkel merk:*
- *'n driehoek trek oor elke verwysing na die* ***Here****, insluitende* ***U*** *en* ***God****:*
- *die frase* ***om regsake te verhoor*** *onderstreep.*

## BESPREKING

- Wat was God se reaksie op Salomo se versoek? Watter rede het God daarvoor gegee?

hierdie versoek gedoen
het en nie vir jou 'n
lang lewe begeer het
en nie vir jou rykdom
begeer het en nie die
lewe van jou vyande
begeer het nie, maar
vir jou verstand begeer
het om regsake te
verhoor,
12 so doen Ek dan
volgens jou woord:
Kyk, Ek gee jou 'n
wyse en verstandige
hart, sodat een soos jy
vóór jou nie gewees
het en een soos jy ná
jou nie sal opstaan nie.
13 Ja, selfs wat jy nie
begeer het nie, sal Ek
jou gee, rykdom sowel
as eer, sodat onder die
konings niemand soos
jy sal wees al jou dae
nie.
14 En as jy in my
weë wandel, deur

my insettinge en my
gebooie te onderhou,
soos jou vader Dawid
gewandel het, dan sal
Ek jou dae verleng.
15 Toe word Salomo
wakker, en—dit was 'n
droom! Daarop het hy
in Jerusalem gekom en
voor die verbondsark
van die Here gaan staan
en brandoffers gebring
en dankoffers berei
en 'n maaltyd vir al sy
dienaars aangerig.

- Wat was Salomo se grootste bekommernis toe hy sy versoek aan God gerig het? Blaai terug na vers 8 op bladsy 6. Moet geen detail aangaande die volk miskyk nie.

- Watter insig in Salomo se hart en sy ywer, sy passie vir die Here, verkry jy uit hierdie gedeelte?

**1 Konings 11:1-11**

1 En koning Salomo
het baie uitlandse
vroue liefgehad; en
wel behalwe die dogter
van Farao, Moabitiese,
Ammonitiese,
Edomitiese, Sidoniese,
Hetitiese—
2 uit die nasies

## WAARNEMING

God het Salomo se gebed beantwoord. Hy het aan hom "wysheid . . . en 'n baie groot verstand en 'n ruimte van insig" (1 Konings 4:29) gegee, sodat mense van oraloor gekom het om na sy wysheid te luister. Die volgende paar hoofstukke verwoord in detail hoe Salomo die huis van die Here gebou het en hoe die Here se heerlike teenwoordigheid dit gevul het.

Daarna het hy dertien jaar geneem om sy eie huis te bou. Koning Salomo het groter geword as al die konings van die aarde, in rykdom en wysheid (1 Konings 10:23). Dan kom ons by 1 Konings 11.

***Leier:*** *Lees 1 Konings 11:1-11 en laat die groep*

- *die verwysings na **Salomo** soos vantevore merk.*
- *'n hart trek oor elke verwysing na die **hart**, só:* ♡
- *elke verwysing na die **HERE** met 'n driehoek merk.* △

## BESPREKING

- Wat leer jy uit die merk van die verwysing na Salomo se hart? Moet geen detail miskyk nie!

waarvan die HERE aan
die kinders van Israel
gesê het: Julle mag nie
met hulle meng nie,
en hulle mag nie met
julle meng nie; hulle
sal voorwaar julle hart
verlei agter hulle gode
aan—Salomo het hulle
met liefde aangehang.
3 En hy het sewe
honderd vroue,
vorstinne, gehad, en drie
honderd byvroue, sodat
sy vroue sy hart verlei
het.
4 En in die tyd van
Salomo se ouderdom
het sy vroue sy hart
verlei agter ander gode
aan, sodat sy hart nie
volkome met die HERE
sy God was soos die
hart van sy vader Dawid
nie.
5 En Salomo het agter
Astárte, die godin van

die Sidoniërs, en agter
Milkom, die verfoeisel
van die Ammoniete, aan
geloop.
6 So het Salomo dan
gedoen wat verkeerd
was in die oë van die
HERE en nie volgehou
om die HERE te volg
soos sy vader Dawid
nie.
7 Toe het Salomo 'n
hoogte gebou op die
berg wat oostelik van
Jerusalem lê, vir Kamos,
die verfoeisel van die
Moabiete, en vir Molog,
die verfoeisel van die
kinders van Ammon.
8 En so het hy gedoen
vir al sy uitlandse vroue
wat rook laat opgaan
het en geoffer het aan
hulle gode.
9 Daarom was die
HERE toornig op
Salomo, omdat sy hart

- Waarin het Salomo, volgens vers 6, misluk?

- Wat het as gevolg daarvan gebeur?

- Wat leer die teks jou oor God se gevoel teenoor, en reaksie op, Salomo se handelinge?

- Wat is daar in jou lewe wat die potensiaal het om jou hart van die Here weg te trek?

afgewyk het van die
HERE, die God van
Israel, wat twee maal
aan hom verskyn het,
10 en hom bevel gegee
het omtrent hierdie saak
om nie agter ander gode
aan te loop nie; maar
hy het die bevel van die
HERE nie gehou nie.
11 Daarom het die
HERE vir Salomo gesê:
Omdat dit so ver is met
jou dat jy my verbond
en my insettinge wat
Ek jou beveel het, nie
hou nie, sal Ek verseker
die koningskap van jou
afskeur en dit aan jou
dienaar gee.

**Exodus 20:1-6**

1 Toe het God
al hierdie woorde
gespreek en gesê:
2 Ek is die HERE
jou God wat jou uit
Egipteland, uit die
slawehuis, uitgelei het.
3 Jy mag geen ander
gode voor my aangesig
hê nie.
4 Jy mag vir jou geen
gesnede beeld of enige
gelykenis maak van
wat bo in die hemel is,
of van wat onder op
die aarde is, of van wat
in die waters onder die
aarde is nie.
5 Jy mag jou voor
hulle nie neerbuig
en hulle nie dien nie;
want Ek, die HERE
jou God, is 'n jaloerse
God wat die misdaad
van die vaders besoek
aan die kinders, aan
die derde en aan die

## WAARNEMING

***Leier:*** *Lees Exodus 20:1-6 en laat die groep*

- *al die verwysings na* ***die Here****, insluitende voornaamwoorde, met 'n driehoek merk.*
- ***gode, gesnede beeld*** *en* ***gelykenis****, insluitende voornaamwoorde, met 'n hoofletter* **A** *merk.*
- *'n hart trek oor die woord* ***liefhê****.*

## BESPREKING

- Wat het jy omtrent God geleer?

- Lys wat jy geleer het deur die verwysings na afgode te merk.

- Indien 'n afgod enigiets is wat God uit sy regmatige plek verplaas, enigiets waarvoor jy buig, waaraan jy meer waarde heg as aan God, noem 'n paar algemene afgode in ons samelewing. Watter afgode oorheers binne jou portuurgroep?

**INSIG**

Afgodediens beteken nie noodwendig dat ons ’n goue kalf of houtbeeld op ons kaggelrak het waarvoor ons drie maal per dag neerbuig nie. ’n Afgod kan enigiets wees wat ons bo ons verhouding tot God stel, of wat ons harte van God af wegsteel. Dit kan geld, mag of verhoudings wees — enigiets wat ons hoër as God ag. In Kolossense 3:5 lees ons dat gierigheid ’n vorm van afgodediens is.

- Uit wat jy in jou eie lewe en dié van ander waargeneem het, op watter maniere kan afgode ons wegtrek van God af? Of daarop uit wees om ons ywer vir God dood te smoor?

- Is daar enigiets in jou lewe wat voorrang geniet bo God? Sou jy dit as ’n afgod beskou? Waarom, of waarom nie?

vierde geslag van die
wat My haat;
6 en Ek bewys
barmhartigheid aan
duisende van die wat
My liefhet en my
gebooie onderhou.

**DEUTERONÓMIUM 30:15-20**

15 Kyk, ek het jou
vandag voorgehou
die lewe en die geluk,
en die dood en die
ongeluk.
16 Wat ek jou vandag
beveel, is om die
HERE jou God lief
te hê, in sy weë te
wandel en sy gebooie
en sy insettinge en sy
verordeninge te hou,
sodat jy kan lewe en
vermenigvuldig en die
HERE jou God jou
mag seën in die land
waarheen jy gaan om
dit in besit te neem.
17 Maar as jou hart
hom afwend en jy nie
luister nie en jy jou
laat verlei, sodat jy
jou voor ander gode
neerbuig en hulle dien,
18 dan verkondig ek
julle vandag dat julle

## WAARNEMING

God sê ondubbelsinnig wat Hy verwag van diegene wat beweer dat hulle Hom volg. Ons blaai vervolgens na Deuteronómium om vas te stel wat God aan sy volk, Israel, gesê het net voordat Hy met hulle die Beloofde Land binnegetrek het.

***Leier:*** *Lees Deuteronómium 30:15-20. Laat die groep*

- *'n driehoek trek oor elke verwysing na die* ***HERE****, insluitende voornaamwoorde.*
- *elke verwysing na die* ***Israeliete****, insluitende* ***jy*** *en* ***jou****, onderstreep.*
- ***hart*** *en* ***lief . . . hê*** *met 'n hart merk.*

### INSIG

Deuteronómium is die vyfde boek van die wet, of eerste vyf boeke van die Bybel, ook bekend as die *Tora*. Die betekenis waardeur die woord Tora ondersteun word, is "om in te lig, te onderrig en te lei."

## BESPREKING

- Wat het jy geleer deur die verwysings na God te merk? Watter keuse het Hy aan sy volk gebied?

- God het drie duidelike instruksies oor hoe hulle moes lewe, aan sy volk gegee. Noem die instruksies. (Wenk: Raadpleeg vers 16.) Nommer die instruksies soos wat hulle in die teks voorkom.

- Watter getuienis van geestelike passie vind jy in hierdie verse? Waardeur word gehoorsaamheid aan God en vashou aan Hom voorafgegaan?

- In die Bybel dui die woord maar 'n kontras aan. Watter kontras kom in hierdie gedeelte voor?

- Net sodat ons dit nie miskyk nie: Wat, sê God, sal hulle hul harte van Hom laat afwend?

- Wat sal die gevolge wees as ons ons harte van God afwend? Wat is ons posisie as ons ons na Hom toe keer?

- Wat sê vers 19-20 aangaande hulle wat kies om gehoorsaam te wees?

sekerlik sal omkom; julle
sal die dae nie verleng
in die land waarheen jy
oor die Jordaan trek om
dit in besit te gaan neem
nie.
**19** Ek neem vandag die
hemel en die aarde as
getuies teen julle; die
lewe en die dood, die
seën en die vloek het
ek jou voorgehou. Kies
dan die lewe, dat jy kan
lewe, jy en jou nageslag,
**20** deur die HERE jou
God lief te hê, na sy
stem te luister en Hom
aan te hang; want dit is
jou lewe en die lengte
van jou dae, sodat jy
kan woon in die land
wat die HERE aan jou
vaders Abraham, Isak
en Jakob met 'n eed
beloof het om dit aan
hulle te gee.

**Markus 12:28-34**

28 En toe een van
die skrifgeleerdes wat
bygekom het, hulle
hoor redetwis, en wis
dat Hy hulle goed
geantwoord het, vra
hy vir Hom: Wat is
die eerste gebod van
almal?
29 En Jesus antwoord
hom: Die eerste van al
die gebooie is: Hoor,
Israel, die Here, onse
God, is 'n enige Here;
30 en jy moet die Here
jou God liefhê uit jou
hele hart en uit jou
hele siel en uit jou hele
verstand en uit jou
hele krag. Dit is die
eerste gebod.
31 En die tweede,
hieraan gelyk, is dit: Jy
moet jou naaste liefhê
soos jouself. Daar
is geen ander gebod

## WAARNEMING

Kom ons blaai vooruit na die Nuwe Testament, waar Jesus na die gedeelte in Deuteronómium 30 verwys om die vraag van 'n Skrifgeleerde, 'n kenner van die wet, te beantwoord.

***Leier:*** *Lees Markus 12:28-34 en laat die groep*

- *die naam* ***Israel*** *en die voornaamwoorde* ***jy*** *en* ***jou*** *onderstreep, indien dit na die volk verwys.*
- *'n hart oor die woord* ***lief*** *...* ***hê*** *trek.*

## BESPREKING

- Wat is, volgens Jesus se woorde, die grootste gebod van almal? Onderstreep dit.

- Wat is die tweede gebod? Onderstreep dit.

- Wat het jy uit hierdie gedeelte omtrent liefde geleer?

- Watter nuttige beskrywings, indien enige, aangaande die weerspieëling van ’n passie vir God, het jy teëgekom?

- Sodat jy dit nie sal miskyk nie: Tot watter mate moet ons God liefhê?

- Hoe sal die navolging van hierdie gebooie jou daaglikse keuses vorm?

groter as dié nie.
32 En die skrifgeleerde
sê vir Hom: Goed,
Meester, U het met
waarheid gesê dat God
een is en daar geen
ander is as Hy nie;
33 en om Hom lief te
hê uit die hele hart en
uit die hele verstand en
uit die hele siel en uit
die hele krag, en om die
naaste lief te hê soos
jouself, is meer as al
die brandoffers en die
slagoffers.
34 Toe Jesus sien dat hy
verstandig geantwoord
het, sê Hy vir hom:
Jy is nie ver van die
koninkryk van God
nie. En niemand het dit
meer gewaag om Hom
vrae te stel nie.

## SAMEVATTING

Ons het vandeesweek geleer dat ons harte van God weggetrek kan word as ons enigiets of enigiemand toelaat om voorkeur bo Hom te geniet.

In Matthéüs 6:21 leer Jesus dat, waar ons skat is, ons hart ook sal wees. Alhoewel Salomo aanvanklik sy skat in die Here gevind het, blyk dit dat, toe hy ouer geword het, hy sy skat in sy vroue gevind het en daarom agter vals gode begin aanloop het.

Soos Salomo, verlaat baie gelowiges hulle eerste liefde sonder dat hulle dit besef. Hulle het 'n gedeelte van hulle harte oorgegee aan hul eie begeertes en die dinge van die wêreld en verkeerdelik geglo dat hulle albei kan dien.

Probeer jy om in jou hart ruimte te maak vir sowel die koninkryk van God as die skatte van hierdie wêreld? Dit sal nooit werk nie. God leer ons dat Hy 'n jaloerse God is. Hy moet eerste wees. Jy kan nie 'n brandende passie vir Jesus Christus hê as jou hart verdeeld is nie.

Die eerste stap in die regte rigting is voor God te bely dat jy jou eerste liefde verlaat het. Bekeer jou — ondergaan 'n verandering in jou denke en jou hart. Bely voor God dat jy Hom wil liefhê met jou hele hart, jou hele verstand en al jou krag. Vra Hom om die afgode wat in jou lewe opgehoop het, weg te neem en om die vuur van passie in jou hart aan te blaas.